**2 Januarie 2014**

**Skrifgedeelte: Deuteronomium 13:4 en 18**
**Fokusgedeelte: Deuteronomium 13:4**

## Wees getrou aan die Here jou God en sy gebooie

Goeie leiers is nie noodwendig altyd godvresende leiers nie. Moses waarsku teen vals profete. Hulle lei nie na die ware God nie. Inspirerende mense het soms nuwe idees wat goed lyk asof dit die jongste nuus uit die hemel is.

Die profeet Jeremia (23:30) waarsku ook: *"Daarom, sê die Here, is Ek teen die profete wat herhaal wat ander sê en dan voorgee dat dit van My af kom. Kyk, sê die Here, Ek is teen dié profete wat hulle eie stories vertel en dan sê: Die Here sê so. As hulle in my raadskamer gestaan het, sou hulle my woorde aan my volk meegedeel het en my volk van hulle verkeerde koers af laat wegdraai het, van hulle sondige dade af."*

Van die Tien Gebooie wil baie mense nie meer veel hoor nie – ook nie in eredienste nie, en in die daaglikse lewe word die wet van God nie meer as rigsnoer eerbiedig nie.

God is nie teen nuwe idees gekant nie, maar Hy wil hê dat jy moet onderskei tussen eg en vals. Vra dus vrae voordat jy te opgewonde raak wanneer jy nuwe idees hoor. Daar is vandag nog vals profete. Die verstandige mens sal die dinge wat hy hoor aan die Woord van God meet (vgl. Deut. 13:18).

Die woord "wet" hou vir baie mense 'n onaangename klank in. Dit roep herinneringe op van 'n oorgodsdienstige opvoeding en van lang vervelende Sondae wat met allerlei "mag nie's" verbygesleep het. Die God van die Ou Testament is dan die God van toorn en oordeel, terwyl die God van die Nuwe Testament die God van liefde en genade is. Hiermee word die Bybel in twee geskeur.

Die Wet van God begin nie met weerlig en bliksemstrale nie, maar met *evangelie*, naamlik: "Ek is die Here julle God wat julle uit Egipteland uit die slawehuis uitgelei het."

Sing: Psalm 86:3, 6

Dr PW (Pieter) Bingle (Emeritus Kaapstad)